

10 Maart

God genees tot sy eer

Skrifgedeelte: Matteus 4:18-25

Fokusgedeelte: Matteus 4:23

Vers 24 laat ons sien dat daar baie siektes, gestremdheid en geestelike versteurings in Jesus se tyd was. So ook in ons tyd.

Na en vir so 'n wêreld het ons Here gekom. Vir jou wat dalk ook een van die gekwestes is. En moenie van die mense rondom die sieke vergeet nie. Hulle word ook intens geraak.

Die vraag is of Jesus gekom het om nou alle siekes te genees. Word almal wat gebring word altyd, daar en dan, genees? Die antwoord is:

- Hy kán en wil genees. Daarom kan ons ons siekes in gebed na Hom bring (Mark 9:23; Matt 17:20, 21). Hy doen gister en vandag wonders. Daar is baie bewyse. Hy doen dit met of sonder mediese hulp. Die ontwikkeling van die mediese wetenskap is al op sigself 'n wonder!
- Aan die anderkant gaan dit nie vir Jesus eerstens om die liggaamlike genesing nie. Die hoofdoel vir die genesings is dat die wêreld moet kan sien Wie Hy is. Hy is die groot Visserman van mense, en wil ons ook so gebruik (lees Heb 2:4). As jy geestelik genees is, het Jesus sy doel bereik. Die res, wanneer daar nie meer dood en siekte en verdriet sal wees nie, volg later!

Maar kom nou al met jou nood. Jy kan en mag nou al jou Vader vra wat jy graag wil hê. As Hy so wil, kan en sal Hy jou genees. In elk geval sal Hy vir jou gee wat tot jou beswil strek (Rom 8:28).

Ds. Chris Hattingh (Randburg)